COMPRESS—SMALL PDF

# Hulp en Hoop

Kwartaal 1 APRIL 2023

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansiëel :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder:**
Jaco Koekemoer
082 688 5971

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845
ds.jacques.erasmus@gmail.com

**WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za

**FACEBOOK**
www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

**SENTRUM / PARKIE VERHURING / BESPREKINGS**
Jaco Koekemoer
082 688 5971

## In die uitgawe

| | |
|---|---|
| Visionering | 2 |
| Gasvryheid | 2 |
| Wat is die doel van kategese en Jeugbediening | 3 |
| Die ontstaan van Kategese onderrig | 3 |
| Geskiedenis van Hulp en Hoop Gemeenskapskerk | 3 |
| Christen Gedenktuin | 4 |
| Gemeentefoto's | 4 |

## Paasfees 2023

*Ons wens is dat hierdie Paasfees vir elkeen 'n baie besonderse ervaring sal wees.*
*Mag die lyding van ons Here Jesus en die krag van God wat met Sy opstanding duidelik geword het, hierdie Paastyd vir almal 'n verrassende nuwe werklikheid word!*




### Hier is 10 interessante feite oor Paasfees:

1. Paassondag word altyd op die eerste Sondag na die eerste volmaan na of op die 21ste Maart gevier. Indien die eerste volmaan op 'n Sondag val, word Paassondag die eerste Sondag daarna gevier.

2. Die Oosters-Ortodokse Kerk vier nie Paasfees elke jaar op dieselfde naweek as ons nie, want hulle kalender verskil van ons s'n.

3. Die Joodse Pesach val op die Hebreeuse kalenderdatums Nissan 15-22. Dit is die 14de dag van die eerste maand in die Joodse kalender. Hulle Paasfees is 8 dae lank.

4. Seder is die Joodse rituele diens of seremoniële ete vir die eerste of eerste twee aande van die Paasfees. Die Hebreeuse woord seder beteken orde.

5. Die Hebreeuse woord "pesah" wat in Engels vertaal word met "Passover", beteken "verbygaan". Die Here het die huise van die Israeliete verbygegaan.

6. In die 1933-vertaling in Afrikaans lees ons van pasga. Dit vier die historiese uittog van die Hebreeuse slawe of Israeliete uit Egiptiese slawerny.

7. Ons lees in 2 Kronieke 35 van Koning Josia wat meer as 37 000 skape geslag tydens die Pasga. Dink aan al die bloed van die skape wat gevloei het!

8. Suurdeeg word sterk verbind met die bederwende krag van die sonde. Ongesuurde brood simboliseer heiligheid. Ongesuurde brood word gemaak van graan wat nie gis, of dan, suurdeeg bevat nie. Suurdeeg is 'n gepaste beeld vir die sonde.

9. Omdat die Here hierdie dag self ingestel het, is almal verplig om die Paasfees te vier. In Numeri 9:14 lees ons dat indien iemand sonder geldige verskoning versuim het om die Paasfees te vier, hy van sy volksgenote afgesny is.

10. Die heidense paasfeesviering met die paashaas en die eiers het niks met die ware Paasfees te doen nie. Dit is die viering van vrugbaarheid en lente. Daarom word dit ook 'n lentefees genoem – die hergeboorte van die grond na die lang, koue winter. In Suid-Afrika is hierdie tyd altyd in herfs

Oorgeneem vanaf Kruispad

**Ons vier hierdie week Groot Lydensweek. Hier is 'n paar doendinge wat julle as gesin saam kan doen.**

**PALMSONDAG**
Pluk 'n blaar, sing lofliedere en lees oor Jesus se intog in Jerusalem. Matt 21:1-11

**MAANDAG**
Maak 'n kruis en deel wat Jesus se kruis vir jou beteken.

**DINSDAG**
Doen iets gaaf of diensbaar vandag en lees oor voetewas in Joh 13:1-17

**WOENSDAG**
Maak 'n slaai of voorgereg met olywe en bid vir mekaar. Matt 26:36-46

**DONDERDAG**
Hou piekniek met hot cross buns en sap soos Jesus se laaste ete Matt 26:26-30

**GOEIE VRYDAG**
Braai vis en soek op die internet na die betekenis van ICHTUS. Lees Matt 26:36-46

**SATERDAG**
Maak 'n tuintjie en dink aan begrawe en nuwe lewe. Deel dit waaroor jy dankbaar is.

**PAAS-SONDAG**
Hou skattejag - hol paaseiers herinner ons aan die graf wat leeg is. Joh 20

Dink - Jeugspan (NG Kerk)



# VISIONERING




Lede van die Kerkraad asook lidmate uit ander aksie vergaderings en bedienings -aksie het die geleentheid bygewoon.

Koppe is bymekaar gesit en daar is besluit dat ons gemeente graag op die volgende waardes wil fokus.

**WAARDES VAN DIE GEMEENTE**

- · Liefde
- · Integriteit
- · Positiwiteit
- · Eerlikheid
- · Respek
- · Toegewyd
- · Diensbaar

So is dan ook besluit om die baniere in die parkeer area ook aan te pas en te vernuwe

Ons as NG Hulp en Hoop is 'n gemeente wat vanuit die liefde, wat God vir die mens kom bewys het, Eerste God ***lief*** het met ons hele hart, siel en verstand en dan daarna strewe om ons naaste lief te hê soos ons self.

In die wêreld met al die geleenthede wat daar is, maar ook soms uitdagings - ***Diensbaar*** te wees, met dieselfde gesindheid wat ons by Jesus Christus ons Here ervaar nl 'n ***positiewe*** gesindheid, en dan dat ons dade getuig waarvan ons hart vol is, ***eerlikheid*** en deursigtigheid, op elke wyse hoe ons mekaar moet hanteer.

Ons as gemeente wil ***toegewyd*** naby aan God en met God leef, sodat Sy Koninkryk kan kom, Sy wil kan geskied en alle Eer en Heerlikheid ons God toekom.




# GASVRYHEID

**Matteus 10:40-42 –**
"Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal 'n profeet se beloning ontvang; en wie 'n goeie mens ontvang omdat hy goed is, sal 'n goeie mens se beloning ontvang. Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry. Dit verseker Ek julle."

**Vier voorbeelde van gasvryheid in die Bybel**

**Die eerste verhaal** kom uit Genesis 18. Die skrywer vertel hoe ***Abraham*** op die warmste van die dag by die ingang van sy tent sit. Sy tent is opgeslaan by die hoë terpentynbome van **Mamre**, naby Hebron, wes van die Dooie See, in die sogenaamde Wes-Bank streek van vandag. Dis die middel van die dag. Die kraaie gaap. Abraham sit op 'n koel plekkie waar so ietwat van 'n luggie hopelik trek. Meer konkreet en gewoon kan 'n toneel nie beskryf word nie. Dan daag God op …

**Die tweede en derde verhaal** kom uit Konings, omdat die verhale van gasvryheid teenoor Elia en Elisa volgens geleerdes agter dié uitspraak van Jesus oor gasvryheid in Matteus lê. Die arm ***weduwee*** van **Sarfat** (1 Konings 17) en die ***ryk vrou*** van **Sunem** (2 Konings 4 en 8). Die een deel uit haar armoede, die ander uit haar rykdom … en albei ontvang die seën van die Here, oorvloediglik.

**Die laaste verhaal** is dié van ***Kleopas en sy vrou Maria*** op pad na **Emmaus**. Soos Abraham, nooi hulle die Besoeker langs die pad in hulle huis in, en bedien 'n maaltyd. Jesus self word daar die Gasheer en breek die brood. Juis by die breek van die brood herken hulle die man wat die Bybel so duidelik aan hulle uitgelê het. Dit is Jesus self.

Jesus is besig in sy tweede belangrike toespraak in Matteus met die **uitsendingsrede**. Jesus het die dissipels nou al voorberei vir die werklikheid van vervolging (10:16-25). Hy het hulle bemoedig om nie bang te wees nie, want God sal sorg (10:26-31). Hy het hulle aangemoedig om Hom as Christus te bely en nie te verloën nie (10:32-33), want die werklikheid is dat lojaliteit aan Hom skeiding sal bring (10:34-39).

Maar, Hy bemoedig hulle ook dat Hy sal sorg dat hulle gasvry ontvang word, en dat dié mense wat hulle gasvry ontvang, deur God self beloon sal word. **Gasvryheid is dus 'n kanaal waardeur God se beloning ontvang word, en dit is 'n manier waarop gasvry mense deel het aan die koms van die koninkryk.**

Jesus beklemtoon in Matteus 10:40-42 twee belangrike punte.

1. **Raak betrokke by mense in nood**
   Jesus moedig sy dissipels aan om met vrymoedigheid by mense wat nood het, betrokke te raak. Want: *"Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."*. Wanneer ons die evangelie vir ander bring, word ons 'n kanaal waardeur mense God self ontmoet. Oral waar jy die Here Jesus Christus vrymoedig bely, oral waar jy uitreik na iemand om iets vir hulle te beteken, dáár word jy 'n kanaal waardeur iemand God kan ontmoet.
2. **Ontvang ander gasvry**
   Daar is egter ook 'n ander kant hiervan. Jesus wil nie net hê jy moet betrokke raak by ander in nood nie. Jy moet ook dié wat na jou uitreik met die evangelie met gasvryheid ontvang. Gasvryheid is immers 'n wederkerige ding.

Of jy hulp aanvaar, en of jy hulp gee, dit is ewe goed, en albei is noodsaaklik. Gasvryheid is dus 'n leerskool waar jy leer hoe God werk – óf jy nou aan die ontvangkant of aan die uitdeelkant daarvan is.

Dit is immers wat in die gemeente gebeur waar ons mekaar bedien met die evangelie, in eredienste, in kleingroepe, in bedieninge. Oral waar ons gasvry teenoor mekaar optree deur na mekaar te luister, deur mekaar lief te hê met bekers koue water, daar ontvang ons en ontmoet ons die Here Jesus Christus, en God sy Vader.

Jesus sê dus vir ons hier dat God in ons lewens aankom deur die mense wat God na ons stuur. Ons keuse om mense te ontvang, of nie, bepaal dus of God in ons leefwêreld aankom, of nie. Deur ander mense gasvry te ontvang, neem ons deel aan die koms van God se koninkryk, of nie.

## Om gasvry te wees en so ander te help is een van Jesus se opdragte. Dis deel van ons geloof in aksie!

En die omgekeerde is natuurlik ook waar. In ons uitreik na ander kom God in hulle lewens aan, of nie. Iets om deeglik oor na te dink.

**Wat is gasvryheid?**
Gasvryheid beteken om uit jou gemaksone te beweeg, 'n grens na ander oor te steek, en vreemdelinge welkom en veilig te laat voel.

Dit beteken dat gasvryheid 'n ongelooflike belangrike manier is waarop ons as kinders van die Here met mekaar moet omgaan, en hoe ons in hierdie wêreld teenoor ander moet optree, nie net teenoor bekendes nie, maar ook teenoor vreemdelinge. Gasvryheid is 'n leerskool in hoe God se teenwoordigheid werk.

**Gemeenskap met God**
Wie geestelik wil groei, wie wil deel in Christus se seëninge, wie God se werk in die wêreld wil verstaan en daarmee wil saamwerk, moet gasvry wees. Dit is moeilik, want:

**Gasvryheid vra dat mens jou eie agenda moet opskort**, en aandag gee aan die vreemdeling wat jou pad kruis.

**Gasvryheid vra dat mens oop moet wees vir verrassings**, dat 'n mens 'n Goddelike nuuskierigheid aan die dag moet lê vir wat en wie Hy oor ons pad bring.

**Gasvryheid vra dat jy met minder vaste oortuigings en meer openheid moet leef**, minder moet voorskryf en meer respek moet hê vir die vreemdeling,

**Die loon?**
"*Wie My gestuurdes ontvang, ontvang My, En wie My ontvang, ontvang die Een wat My gestuur het.*"

Oorgeneem van NG Somerstrand Gemeent

---

**Ons wil graag mense laat tuis voel in Hulp en Hoop Gemeenskapskerk sodat, elkeen die warmte van die gemeenskap van gelowiges kan ervaar.**

Ons wil help om 'n kultuur te skep om:

- vreemdes, diegene in nood en eenkant-mense raak te sien, kontak te maak, in te nooi en deel te maak vd Hulp en Hoop Gemeenskapskerk;
- met toewyding en geduld dinge saam met ander mense te doen sodat verhoudings oor tyd gevestig kan word en almal tuis kan kom en voel;
- met 'n gesindheid van vriendelikheid en warmte 'n omgewing te help skep waar ander gemaklik en ontspanne kan voel.

**Kom raak betrokke by ons gasvryheidsbediening.**

1. Verwelkomingspan (deurdiens)
2. Teeskink geleenthede -
3 Erediens werk (opneem van kollekte / nagmaalbediening ens)
4. Nuwe lidmate verwelkoming –
5. Saamkuier geleenthede

Almal met 'n passie en gawe om ander te dien en te bedien is welkom om deel te word van hierdie bediening. Dit verg slegs een kwalifikasie - 'n vriendelike glimlag! Skakel gerus die kerkkantoor om meer hieroor uit te vind.




# WAT IS DIE DOEL VAN KATEGESE EN JEUGBEDIENING

Die droom van enige kerk se jeugbediening is dat ons kinders en tieners vir Jesus persoonlik sal ken en sal aanhou om in 'n verhouding met Hom te groei. Die uiteinde is dat ons geloof by jongmense wil help vorm wat hulle help om as dissipels te leef en 'n verskil te maak in die wêreld. Jongmense moet eendag, waar hulle ook al gaan, "kerk" kan wees.

**Kategese se doel is om by jongmense geloof te vorm wat:**

- gegrond is op kennis van die Bybel en die kerk – met die wysheid en vaardighede om dit in hul lewens toe te pas
- hulle help om daagliks in 'n verhouding met ander mense, hulself en God te leef
- in gehoorsaamheid en diensbaarheid hul roeping uitleef en 'n verskil in die wêreld maak
- die misterie van God bewonder en Hom op verskeie maniere aanbid

Daarom moet kategese, eredienste, jeugaktiwiteite, huisgeloof, kampe en uitreike alles meewerk om verskillende tipes ruimtes te skep waar geloof se verskeie fasette gevorm word. Alles maak deel uit van 'n holistiese en omvattende geloofsontwikkelingsproses. Elkeen vorm 'n boublokkie en help ons op ons geloofsreis.

**'n Afrika spreekwoord lui "It takes a village to raise a child", daarom:**

- ♦ Is dit nie net een persoon (kategeet) se verantwoordelikheid om geloof te vestig nie. Ouers, ander leiers en volwassenes, groeplede, predikante, bejaardes ens. is almal nodig en vorm deel van die geloofsgemeenskap.
- ♦ Die mikpunt is dat elke kind/tiener ten minste 4 volwasse, gelowige persone moet hê wat in sy/haar lewe inbou.
- ♦ Daarom moedig ons kategete (en ander) aan om elke kind/tiener en hul omstandighede goed te leer ken en om 'n verbintenis te maak om 'n pad met hulle te stap.

**Praktiese wenke**

- ✻ Maak seker dat elke kind en tiener jul jeugbediening se visie ken.
- ✻ Maak seker dat elkeen weet hoekom bywoning van kategese, kerk, kampe, uitreike ens. belangrik is en hoe dit hulle help om hulle geloof te bou.
- ✻ Verbind mense aan kinders en tieners (dié verhoudings gebeur nie noodwendig spontaan nie) en skep verskeie geleenthede vir almal om dieper gesprekke in te oefen om sodoende vir mekaar om te gee en geloof te vorm

*Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, want ons God is 'n verterende vuur. Heb 12: 28b-29*

*(I pray that) Jesus will ignite the kingdom life within you, a fire within you, the Holy Spirit within you, changing you from the inside out! Matt 3: 11 (Msg)*

*Geskryf deur ds Anriëtte de Ridder (Predikant in Sinodale diens vir Jeug en Familiebediening van die Wes-Kaapland Sinode).*

# DIE ONTSTAAN VAN KATEGESE ONDERRIG

God self het eerste onderrig gegee, en het daardeur die beginsels vir kategese daargestel, sien tekste soos Ps. 25:4,5,8 en 9; 27:11; 78:10 en 119:102.

Aan die begin van ons jaartelling vind ons dat die kategese in die Joodse gemeentes min of meer op georganiseerde basis plaasgevind het. Met die oog op die Bybelse onderrig is daar spesiale skole deur die Joodse gemeentes gestig. Hierdie skole was nie bestem vir alledaagse onderrig nie, maar vir onderrig uit die Thora (wet). Die skole is genoem "beth-ha-sefer" en "beth-ha-midrasj".

In die Nuwe Testament sou kategese spoedig ook sy plek in die kerklike lewe inneem – veral in die eerste gemeente. Van werklike kerklike kategese het ons die eerste keer berig gekry by Justinus Martyr, 106-164nC. Die naam vir die katkisante was "catechumeni".

Martin Luther het die kategese so belangrik geag dat hy in 1529 twee boeke oor kategese die lig laat sien: Groot kategismus (vir die ouers) en Klein kategismus (vir die kinders).

Met die kategese as 'n streng Bybelse gebeure moet ons sekerlik vra wat is die doel van kategese? Kortliks kan ons dit soos volg stel:

- ✻ In die kategese wil ons God bo alles eer. Kategese leer ons om die Woord in die middelpunt van ons lewens te plaas – soos wat die Reformasie ons geleer het vanuit die Woord.
- ✻ Kategese vind plaas tot die stigting en vermeerdering van geloof in die Drie-Enige God.
- ✻ Die kategese vind plaas om die betekenis van die doop aan die katkisant te leer.
- ✻ Kategese vind plaas om die katkisant voor te berei met die oog op die gebruik van die sakramente.



- ✻ Kategese vind plaas om die katkisant voor te berei om belydenis van geloof af te lê.

Om die kinders dan na die kerk te bring vir onderrig is volgens die Woord 'n noodsaaklike gebeure - wat 'n appèl maak op elke ouer om kinders van God na Sy huis te bring vir onderrig.

Nederduits Hervormde Kerk Bergsig




# GESKIEDENIS VAN HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK

Ons gemeente het onlangs haar 37ste jaar gevier.
Hier volg 'n kort opsomming van die afgelope geseënde jare

23 Maart 1986 – Afstigting

In 'n tyd van Kerklike woelinge rondom die aanvaarding van die dokument "Kerk en Samelewing" deur die Algemene Sinode van die NG Kerk, en die stigting van die Afrikaanse Protestante Kerk (APK), stig Potgietersrus-Suid op 23 Maart 1986 af van Pietpotgietersrus (Moedergemeente).

Die gemeente se geskiedenis word vanaf die afstigting gekenmerk deur die neem van risiko'. Te midde van onsekerhede op die kerklike en samelewing-terrein.

Op 20 April 1986 word Ds Roelf Opperman bevestig as eerste leraar van die pas afgestigte gemeente.

Sterkrivier Wyksgemeente is sedert die afstigting deel van die nuwe gemeente. Die wyksgemeente het reeds hul eie kerkgebou gehad en is oorgedra na die nuwe gemeente.

Die behoefte aan beter bediening kry voorkeur bo die onmiddelike bou van 'n kerkgebou en die kerkraad besluit om 'n tweed leraar te beroep nl prop Chris Harris en sy vrou Franscisca as medeleraarspaar.

Alhoewel die gemeente van die begin af bekend sou wees as 'n gemeente met 'n kragtige jeugbediening, het die versorging van die senior lidmate nooit agterwee gebly nie en op 19 Januarie 1988 vind die eerste byeenkoms van die nuwe Senior lidmate Aksie plaas.

Abraham Kriel Kinderhuis (Nylstroom) nader ons gemeente om as vooggemeente van een van die huise op te tree nl Huis Boekenhout

1994 - 'n groot omwenteling in ons land asook ons gemeente. Ons besluit om te bou! En op 28 Januarie 1996 word die nuwe sentrum ingewy.

Die gemeente groei so vinnig dat die Kerkraad besluit om 'n gallery aan te bou en die moederskamers te verdubbel. Tydens die inwyding word 'n trommel met argivalia onder die preekstoel gebere. Die trommel mag in 2048 oopgemaak word.

Die twee muurmatte wat Hulp en Hoop Simbolies uitbeeld word voltooi. Dis 'n projek wat deur dames, aangepak is en binne 2 jaar voltooi.

Judea Getuienisforum word in 2001 gestig om swart kerke by te staan dmv toerusting en opleiding.

Die gemeente neem nogeens 'n risiko en besluit om 'n derde lereaarspos goed te keur. Prop Fritz Snyman word beroep en op 4 Augustus as Jeugleraar en bevestig.

Op 25 Julie 2004 word afskeid geneem van dr Roelf Opperman en sy eggenote en orrellis Antoinette. Die kerkraad besluit om nie te beroep nie.

Die Christen Gedenktuin word op 30 Julie 2006 geopen en bekend gestel.

In 2009 vander NG Potgietersrus-Suid se naam na Ng Hulp en Hoop Gemeenskapskerk.

Die gemeente neem afskeid van ds Fritz Snyman en sy eggenote Dianda. Prop Jacques Erasmus word op 29 November 2009 as medeleraar bevestig.

Dr Chris Harris vertrek as leraar van NG Hulp en Hoop in Februarie 2018. Ds Madelein Strydom word beroep as Jeugleraar en word op 9 Julie 2019 bevestig. Sy trou later met Adriaan Bakker wat hom ook hier kom vestig.

Francisca Harris bedank met ingang van 31 Julie 2019 na 23 jaar as sentrumbestuurder / koster en na 30 jaar in die Gemeente as predikantsvrou.

Covid-19 (Griep pandemie) tref die wêreld en ons land in die begin van 2020. Planne is gemaak om voort te gaan met eredienste en tegnologie word ingespan dmv Whatsapp, Facebook, Youtube .

Ds Madelein Bakker word beroep na Bethlehem Oos .

'n Nuwe Versorgingstelsel word in 2021 op die been gebring. Lidmate word as skakelpersone aan wyke toegeken rondom die versorging van daardie wyk.

Bybelstudie byeenkomste begin

Die uitbreiding van die speelparkie (Nuwe naam "Noag se Parkie") begin in Augustus 2021.

2022 breek aan en Eredienste / Kategese kan amper normaal voortgaan met die nodige covid protokol wat gevolg word.

Ons gemeente raak as voogde betrokke by 'n tweede huis by die Abraham Kriel Kinderhuis naamlik huis Bauhinia (dogtertjie huis) Ons raak ook betrokke by 'n witskuiling-projek Leeuwkuil CHADRIS COMMUNITY

Ons sien uit na 2023. Die jaar skop af met 'n groot getal jongmense in ons kategese klasse.

'n Nuwe gebedskamer word ingerig by die gemeentesentrum. Een van die moederskamers word daarvoor gebruik.

Ons bid vir 'n geseënde jaar van geestelike groei

# Christen Gedenktuin

- *Die doelstelling van die Gedenktuin is om 'n alternatief daar te stel vir die herinnerings-bewaring van die veraste stoflike oorskotte van geliefdes anders as die tradisionele teraardebestellings.*
- *Die gedenktuin is 'n logiese en praktiese stap om voorsiening te maak vir 'n mens se laaste rusplek.*
- *In vandag se lewe is begraafplase baie onveilige plekke, terwyl 'n ommuurde, rustige gedenktuin in 'n mens se behoeftes aan sekuriteit en rustigheid kan voldoen.*
- *Die gedenktuin is maklik toeganklik terwyl begraafplase ver lê van residensiële areas af.*
- *Grafskending word uitgeskakel.*
- *Gedenktuine is die terugkeer na die tradisionele gebruik waar die kerkgebou en die begraafplaas weer bymekaar gebring word (dink maar aan die woord kerkhof).*
- *Die Gedenktuin is 'n diens aan die Christelike Gemeenskap van Mokopane en omgewing en daarom sal alle Christelike denominasies die geleentheid gegee word om van die gedenktuin gebruik te maak vir plasings.*
- *Die aankoopsom van R. 2.000,00 per enkelplasing en R. 2.500,00 per dubbelplasing sluit die volgende in: instandhouding van die tuin en die nis, administrasie, die graniet gedenkplaat en die gravering van die gedenkplaat.*

HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK
015 491 3537





Dogtertjies by huis Bauhinia





Naaldwerkopleiding - Witskuiling-projek
Leeuwkuil CHADRIS COMMUNITY








Dinee saam met Lizz Meiring
as gaskunstenaar







